**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

# die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

JAARGANG XXII — WOENSDAG 10 MEI 1967 — No. 10

**ENBRITE ELEKTRIESE MPY. (Edms.) Bpk.**
Von Wielligstraat 9B, POTCHEFSTROOM.
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
Telefoon: 6213

*Meningsopname onder studente :*

# CHRISTELIKE KARAKTER KAN NOG BETER UITGELEEF WORD

**DAAR bestaan heelwat ruimte vir verbetering in die uitlewing van die Christelike grondslag van die P.U. Dit is die mening van die meerderheid van die P.U.-studente, soos afgelei word uit 'n meningsopname wat onder 'n verteenwoordigende getal studente gedoen is. In die opname is gepoog om vas te stel wat die gemiddelde student se siening oor die karakter van die P.U. is.**

**„Die karakter van ons Universiteit is wel Christelik, maar in die uitlewing daarvan word die aweregse houding dikwels aangetref dat mense wil hê dat die universiteit hulle moet Christelik hou in plaas daarvan dat hulle die universiteit Christelik hou." Dit is die mening van mnr. F. Fourie, 'n tweedejaar en inwoner van Heimat.**

„Die kleredrag en haarstyle van mans sowel as dames is vinnig besig om die karakter van die P.U. te skaad. Onkiese taal wat op die kampus gebruik word, spot ook met ons „Christelike karakter", meen mnr. D. S. P. Stoltz, inwoner van die dorp en tokkelok.

**TRAGIES**

**„Dit is tragies dat almal die C.H.O. in beginsel goedkeur, maar nie daarvolgens lewe nie," het mnr. G. A. Groenewald, 'n inwoner van Over de Voor gesê.**

Mnr. Hennie Smit, tweedejaar B.Sc-student meen dat die karakter, soos dit tot uiting kom los van die P.U. se beginsels staan en dat verbetering hier uiters noodsaaklik is.

**DWEEP**

Ook die dames wie se mening gevra is, het deurgaans gesê dat in die toepassing van die karakter daar verbetering behoort te kom. „Die toepassing moet verbeter. Daar moet nie met C.H.O. gedweep word nie, maar die behoudende karakter moet bewaar bly," het mej. A. M. Beukes, inwoner van Oosterhof gesê.

**KLUG**

**Daar was ook enkele studente wat 'n ander mening oor die karakter van die P.U. gehad het. „Die karakter van die P.U. bots met die tydsgees, en is dus onwenslik. Baie studente is in hul ouerhuise opgevoed onder ander norme as wat die P.U. handhaaf. C.H.O. is dus 'n klug omdat die student se basis reeds in sy ouerhuis anders gelê is," het mnr. M. van der Westhuizen, B.Comm-student en inwoner van Over de Voor gesê.**



**Prof. M. C. Roode wat in 'n onlangse motorongeluk ernstig beseer is. Die jongste berigte meld dat hy nog in 'n ernstige toestand in 'n hospitaal verkeer. (Foto: Fotokuns)**

## In Memoriam

**Op Dinsdag, 25 April 1967, is mev. J. H. (Babs) Roode skielik deur 'n motorongeluk uit die gemeenskap van Potchefstroom weggeruk. In dieselfde ongeluk het haar eggenoot, prof. M. C. Roode, hoof van die departement musiek en die musiekkonservatorium, ernstige hoof- en borsbeserings opgedoen.**

**Wyle mev. Roode het 'n aktiewe rol vervul in die maatskaplike lewe van Potchefstroom. Sy was o.a. 'n voormalige voorsitster van die P.U.-dameskring en het dikwels as gasvrou by die byeenkomste opgetree. Ook was sy 'n jarelange lid van die S.A. Vrouefederasie en was ten tye van haar afsterwe een van die ondervoorsitsters van die plaaslike tak. As lid van die Vrouefederasie het mev. Roode dikwels aan die spits gestaan van die spyseniering van groot onthale ten bate van die vereniging.**


**In talle ander verenigings soos die sustersvereniging van die N.G.-gemeente Potchefstroom-Noord en die Vrouelandbou-unie het Mev. Roode haar plek volgestaan. Ook was sy 'n lid van die hospitaalraad en het in die beheerraad van die Hoërskool Gimnasium gedien.**

**Mev. Roode was 'n bekwame en hartlike gasvrou en het talle onthale vir besoekende kunstenaars in haar huis aangebied.**

**Dis met liefde en dankbaarheid dat daar teruggekyk kan word op 'n mooi en nederige lewe. Mev. Roode het haarself nooit gespaar nie en was ten alle tye gewillig om te help waar daar hulp nodig was.**

**Haar skielike heengaan is vir Potchefstroom 'n groot verlies en die innige meegevoel van haar groot vriendekring gaan uit na haar eggenoot en drie seuns.**

(Mej.) A. E. SNYMAN



**Die Studenteraad se afvaardiging het verlede Woensdag in die vroeë oggendure van die kampus af vertrek op die eerste skof van die skakeltoer.**

## *Prof. Ligthelm praat*

Die Ekonomiese Vereniging aan die P.U. hou vanaand sy derde byeenkoms van die jaar. Die vergadering begin om 7.30 nm. in die lesingsaal van die Dierkundegebou.

**Prof. S. P. Ligthelm, hoof van die Departement Industriële Chemie, sal die vereniging toespreek oor „Die Ontwikkelingsmoontlikhede van Potchefstroom." Na prof. Ligthelm se toespraak sal o.a. ook 'n rolprent vertoon word.**

**OOP**

'n Lid van die Ekonomiese Vereniging se bestuur het aan 'n verslaggewer gesê dat die vergaderings nie uitsluitlik bedoel is vir studente in die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe nie, maar dat dit oop is vir enigeen

## Historici wil verenig

**'n Byeenkoms met die oog op die stigting van 'n Historiese Studentevereniging word op Donderdag 11 Mei om 1.30 nm. in kamer 100 van die Frans du Toit-gebou gehou. Alle belangstellendes word daarheen uitgenooi.**

# ONDERSOEK-KOMMISSIE DOEN VERKLARING

**Die sameroeper van die kommissie van ondersoek na die konstitusionele verhouding tussen die Studenteraad en die massa, mnr. J. A. Kruger, het in 'n verklaring gesê:**

**„Hiermee verklaar die kommissie van ondersoek na die konstitusionele verhouding tussen die Studenteraad en die massa, dat daar positief gebou word aan 'n herwaardering van die Studentelewe en die struktuur van die georganiseerde studentelewe.**

„Die kommissie beoog geen revolusionêre voorstelle tot 'n verandering van die struktuur van die georganiseerde studentelewe nie, maar poog om die beginsels wat deur die grondleggers van die georganiseerde studentelewe neergelê is en tot vandag toe aanvaar en toegepas is, in perspektief te plaas.

**BEGINSELS**

„Die huidige samestelling van die studentelewe word gemeet aan hierdie beginsels wat die toets van die tyd deurstaan het.

„Die kommissie poog om die struktuur van die studentelewe so raak te vat, dat dit bo die uitbreiding van studentegetalle te staan kan kom.

**GESAGHEBBENDES**

„Ten einde sy taak na behore te vervul, beoog die kommissie om gesaghebbendes op studente-erf te nader om die kommissie in adviserende hoedanigheid by te staan.

**VERSOEK**

**„Persone wat iets onder die aandag van die kommissie wil bring, word versoek om dit skriftelik aan die kommissie oor te dra. Dit kan geplaas word in die bussie van die kommissie by die Studenteraadskantoor.**

**„Die kommissie beoog om sy ondersoek teen die einde van die semester afgehandel te hê. Die verslag sal dan so spoedig moontlik daarna vrygestel word."**

## Papendorf lewer rede

Prof. dr. M. C. Papendorf, nuwe professor in die departement Plantkunde, lewer eerskomende Vrydagaand om 7.00 nm sy inougurele rede in die Totiussaal.

Prof. Papendorf se rede sal handel oor „Die Mikologie: perspektief en waardebepaling."

## REDAKSIELID GEMOLESTEER

'n Redaksielid van die Wapad het onlangs 'n noue ontkoming gehad, nadat hy in 'n vorige uitgawe kritiek uitgespreek het teen die gewraakte grappe wat op die interkoshuiskonsert deur Dawie Doep-Noord aangebied is. Terwyl die redaksielid besig was om laat in die aand te sit en werk, het hy onverwagte besoekers gekry, wat hom op hardhandige wyse vir sy kritiek wou laat boet. Na 'n hewige woordewisseling is die saak ten slotte in der minne geskik.

Daar word verneem dat ook in teologiese kringe beswaar gemaak is teen die betrokke grappe. Uit ander oorde was daar egter 'n meer gunstige reaksie.

# STUDENTE STAP UIT

**Driehonderd studente van die Universiteit van Natal, Durban, is twee weke gelede deur prof. O. Horwood, hul prinsipaal geskors omdat hulle gedurende 'n maaltyd uit die eetsaal gestap het in protes teen „skokkende kos."**

Hulle is almal manlike studente van die koshuise Louis Botha en Ernest Jansen.

**KLAGTES**

Die uitstappery is gereël om die aandag van owerhede te vestig op hul klagtes. Hul klagtes word net geïgnoreer. Die protes was die gevolg van verskeie botsings tussen studente en owerhede.

Die opsigter van die twee manskoshuise het gesê dat die studente nou weer aansoek sal moet doen as hulle gedurende die tweede semester in die koshuise wil tuisgaan. Ongeveer 15 studente weier om weer aansoek te doen. Volgens hulle het hulle kan hul nie daarom sommer geskors word nie.

*Agente vir:*
INNOXA COTY
VITAMOL
Besoek ons uitgebreide
GESKENKEAFDELING
**DIE BULT-APTEEK**
Tomstraat 88b & c — Tel. 5943
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
*Ondersteun 'n Oud-Pukkie*



**GISELA MAIWALD**

*Fotograaf en Fotografiese dienste.*

TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

Ruikers vir alle geleenthede

**BOUQUET**
**BLOEMISTE**

Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

**GROSVENOR MOTORS**

LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3

GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE

Asook:
**Vespa**
en
**Lambretta**
BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE BESOEK:

**APTEKERS J. P. VAN DER WALT**
(EDMS.) BPK.

**Kerkstraat 118**
**Potchefstroom**
TELEFOON: 3237

**J HEIDEMA**
vir
**FIETSE**
en vakkundige
**Herstelwerk**
**Opberging**
van fietse gedurende vakansies.
Kerkstraat 48 — Tel. 5319

die WAPAD

WOENSDAG 10 MEI 1967

# ONS KARAKTER

Daar was in die afgelope tyd, veral ook met die groot toename in studentegetalle, heelwat kommer oor die houding van die P.U.-studente teen die Christelike grondslag van ons universiteit. Daarom het Die Wapad dit nodig gevind om 'n meningsopname in die verband te doen. Hoewel die opname net as 'n steekproef beskou moet word, was die resultaat daarvan tog baie bemoedigend. Dit lyk asof die meeste studente hulle heeltemal met die grondslag van die P.U. vereenselwig.

Uit die opname het ook besonder duidelik na vore gekom dat die meeste studente van mening is dat die uitlewing van die grondslag nie ten volle tot sy reg kom nie. Hierby word natuurlik in die eerste plek gedink aan die uitlewing in die alledaagse lewe van die studente.

Dit is afkeurenswaardig dat daar mense is wat daarvoor uitkom dat hulle geen beginsels het nie. Maar dit is seker nog erger dat daar mense is wat meen dat beginsels iets is wat suiwer en ongeskonde bewaar moet word deur dit in 'n vertoonkas te sit, maar nie te gebruik nie.

Beginsels wat nie gebruik word nie, is immers nutteloos.

Daarom is dit jammer as daar gepoog word om die P.U. se karakter te bewaar deur net die P.U. se beginsels angsvallig en met groot ywer te beskerm, maar nie dieselfde ywer aan die dag lê as dit by die uitlewing daarvan kom nie.

Dit is juis so 'n houding wat aanleiding daartoe gee dat studente wat nog minder vas in die uitlewing van hul beginsels staan, twyfel aan die egtheid van die Christelike beginsels.

Ongelukkig is die dualiteit tussen beginsels en daaglikse lewe nie onbekend op die P.U. nie. Daar is moeilik iets te vind wat meer skade aan die karakter van die P.U. doen.

# KRITIEK

Hoewel die onlangse ondervinding van 'n lid van die Wapadredaksie na kritiek in die Wapad seker nie in 'n ernstige lig opgevat moet word nie, gee dit wel stof tot ernstige nadenke.

Reeds 'n paar maal is in hoofartikels die saak van kritieklewering in Die Wapad aangeroer. Dit bly egter nog steeds 'n aktuele vraagstuk. Veral twee aspekte van die student se houding teenoor kritiek het onlangs weer duidelik na vore gekom.

In die eerste plek wil dit voorkom of kritiek in baie gevalle sterk persoonlik opgevat word. As daar kritiek gelees word, word daar dadelik gevra wie dit geskryf het. Daar word steeds gegis oor die skrywer van sekere rubrieke in Die Wapad. Die houding is begryplik in 'n klein gemeenskappie waar almal in ons medestudente belangstel.

'n Koerant, ook 'n studentekoerant mag egter nooit sy kritiek op persone betrek nie. Dit sou fataal wees as 'n koerant hom sou laat lei deur persoonlike griewe. Hoe moeilik dit ook al is in 'n klein gemeenskappie soos hierdie, word daar tog ernstig gepoog om onpartydig en onpersoonlik te wees in kritieklewering. Daarom sou dit onjuis wees om kritiek persoonlik te interpreteer.

Die tweede kenmerk van die houding van die P.U.-student teenoor kritiek, is dat dit as 'n ernstige gevaar vir die karakter van die studentelewe gesien word. Daar word soms selfs gedink dat daar op subtiele wyse gepoog word om instellinge te ondergrawe. Die onsinnige denkbeeld is seker gevorm na aanleiding van insypeling van die kommunisme en ander ismes.

Die Wapad beskou dit as sy plig om kritiek te lewer waar dit vir hom nodig lyk, in sake wat die student aangaan. Dit is een van die vernaamste take van die koerant. Daarom kan daar ook nie net geswyg worl as daar iets minder aangenaams voorkom nie. Die Wapad wil nie voorgee dat hy alle wysheid in pag het en nooit 'n fout maak in sy kritieklewering nie. Aangesien dit in 'n gesonde gees gedoen word, is daar egter geen rede waarom dit nie op 'n gesonde manier beantwoord kan word nie. Dit kan gedoen word deur briewe of gesprekke met redaksielede.

## REDAKSIE

Hoofredakteur : Pieter de Klerk.
Onderredakteur: Neels Smit.
Tegniese redakteur: André van Jaarsveld.
Nuusredakteurs: Tom Larney — Tel. 2172.
Ben van Jaarsveld — Tel. 2067.
Nuusverslaggewers: Izak Bekker, Ansie Beukes, Piet van Schalkwyk, Dawid van Wyk, Marita Vermaak.
Kunsredakteur: Piet Roodt — Tel. 2172.
Kunsverslaggewers: Kobus Coetzee, Marlene Smit.
Sportredakteur: Chris Swanepoel — Tel. 2171.
Sportverslaggewers: Lood Dercksen, Marietjie Swart.
Fotograwe: Leunis van Rooyen, Izak Bekker.
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen.
Advertensiebestuurder: Nic Lessing — Tel. 3827.
Sirkulasiebestuurder: Hans Grobler.

# In U Lig

**LUKAS 14: 7 - 14**

En toe Hy merk hoe hulle die voorste plekke uitkies, vertel Hy aan die genooides 'n gelykenis en sê vir hulle:

Wanneer jy deur iemand na 'n bruilof genooi is, moenie die voorste plekke inneem nie, ingeval daar nie miskien een wat waardiger is as jy deur hom uitgenooi is nie, en hy wat jou en hom genooi het, kom en vir jou sê: Maak plek vir hierdie man. En dan sal jy met skaamte die agterste plek begin inneem.

Maar wanneer jy genooi is, gaan en neem die agterste plek in; sodat wanneer hy kom wat jou genooi het, hy vir jou kan sê: Vriend gaan hoër op! Dan sal jy eer hê voor die wat saam met jou aan tafel is.

Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en wat homeself verneder, sal verhoog word.

En Hy sê ook vir die man wat hom genooi het: Wanneer jy 'n more- of middagete gee, moenie jou vriende nooi, of jou broers of bloedverwante of ryk bure nie sodat hulle jou nie miskien ook eendag weer uitnooi en jy vergelding ontvang nie.

Maar wanneer jy 'n feesmaal gee, nooi armes, verminktes, kreupeles en blindes, en jy sal gelukkig wees, omdat hulle niks het om jou te vergeld nie; want dit sal jou vergeld word in die opstanding van die regverdiges.

# = Deur My Lens =

Siende dat Kekkelkaatjie syn kekkel verwurg is en syn kaatjie kortgeknip is, is ek by magte, o Puk-massa, om die volgende verklaring aan u uit te reik. Die einste persoon onder bespreking het met twee kaartjies (komplimentêr) in sy sak nou die aand by die dam opgedaag toe daar so 'n musikale onderonsie gehou is. Agteros kom ook in die kraal, en in hierdie geval was die anonieme persoon die bok wat voorgetrippel het. Quo Vadis?

**BEDROEWEND**

Deesdae kan ek ook nie eers aldag meer reflec nie, praat nog van tor. Die onrusbarende toestand is teweeggebring deur (a) die bedroewende hoeveelhede voedsel wat aan hom voorgesit word in die koshuis. Middagete: stukkie (droë) wors, een (blou) eier en vier snye brood. Ek smeek u, is dit voedsel vir 'n reflekterende siel en maag?

**ALWYS**

(b) En dit nadat ek een hele oggend moes deurbring onder die geklank van die alwyse monotoon van 'n paar na-graadse studentjies wat veronderstel is om my lampie met die olie van die kennis te vul.

**SLEEP**

(c) Maar de helft zijn nimmer vertelt. Dienswillige ek loop rond met rooi oë en 'n neus wat onophoudelik traan. Dit is die direkte gevolg van nog 'n geheimpie wat ek in u midde laat: Reflector sleep! Ja, ten spyte van al my wanaangepaste sienings van sake en die lewe in die algemeen het ek iemand gevind wat nou ook met vonkelende lense ronddwaal.

**AKUUT**

In elk geval, weens omstandighede buite my beheer was ek daartoe gedryf om 'n verkoue op te doen omdat, ten eerste, die winter my akuut voordoen in sy ysige gestalte. En daarop volg noodwendig . . . nêrens om saans heen te gaan nie!

**RADELOOS**

Daar is 'n keuse tussen die volgende euwels: 'n helderverligte sleepbankie in die koue; 'n kafee of twee waarvan een slegs koue koffie bedien; die fliek (maar Reflector word nie die salaris van Kas v.d. B. betaal om elke naweek te gaan fliek nie); die studentesaal waar daar soms musiek gespeel word of 'n half-was rolprent gedraai word; die sitkamer van die koshuis waar veertig ander radelose paartjies vir mekaar sit en kyk.

**GEBREK**

**Die Puk mag nou wel nog nie sy studente-sentrum hê nie, maar verskoon dit die ontspanningskobrek aan ondernemingsgees en beplanning?**

**AFLOERDER**

Volgens gerugte is daar 'n persoon wat saans by die dameskoshuise afloerder speel. 'n Baie praktiese stap vir die Studenteraad sal wees om liewer ten bate van so 'n onding 'n skakeltoer te reël.

REFLECTOR

N.S. Dit skyn of die begrip langnaweek baie rekbaar is vir ons studente — maar ongelukkig is die dosente se siening daarvan enger.

# Ons Flitsgedagte

**REALISME**

Die P.U. se studentegees is vrot — die studentegees dwarsdeur die wêreld is mank geslaan.

Die studente van die P.U. wil nie aan georganiseerde verenigingslewe deelneem nie — so skrywe die mense van die V.S.A. en Europa ook.

Die P.U. se studente is skynheilig. 'n Regte klomp rugstekers. Jy kan weinig vertrou — so is dit onder die dosente en in alle gemeenskappe. Die liefde is besig om universeel te sterwe.

Die P.U. word liberaal — ja, jou kerk word liberaal, jou volk word liberaal, jyself word liberaal.

Die P.U. is gepak met kerkisme — daar is niks nuuts onder die son nie: ons geskiedenis is gepak met kerkisme, ons onderwys, politiek, samelewing is amper uitgelewer aan kerkisme. Dit word 'n droewige storie.

Is 'n skeptisis hier aan die woord? Nee, 'n realis.


Alle realisme en nugterheid dra 'n element van pessimisme, want die ganse werklikheid is ontsier en word voortdurend bedreig ineenstorting van idealisme.

Maar alle realisme dra ook 'n element van blymoedige volharding om te bly streef en te bly droom en te bly werk aan opbouing en oorwinning.

Aan die ander kant moet ons doelgerig maar met simpatieke begrip die probleme in ons eie samelewing pak. Ons moet ons tydsgees plaaslik aan die kuifhare beetkry.

Dit is realisme: wees nie alte krities op die P.U. nie, wees nie alte pessimisties nie; wees nie alte idealisties nie. Wees nugter. Werk, waak, bid — en vergewe

# WERKLIK SO ERG?




## Ons Lesers Skryf

## KRITIEK WAS BLATANT Sê DAWIE DOEPERS

**Geagte Redakteur, — In die vorige uitgawe van die Wapad het 'n artikel verskyn wat ons nie sonder meer kan laat verbygaan nie. Onder die opskrif „Lae peil gehandhaaf op konsert" oefen u kunsredakteur ons insiens hoogs onbillike, ongevraagde en blatante kritiek uit op die konsert wat baie byval gevind het by die meeste studente.**

Dat dit die taak is van die kunsredakteur om kritiek te lewer op die inter-koshuiskonsert, kan ons insien, maar waarom verwag hy professionele standaarde van amateurs? Die doel van die konserte is immers om aan die studentemassa die geleentheid te stel om talent te ontwikkel en om gesellig saam die konsert te geniet. In die besonder verwys ons hier na die siniese kritiek op Dawie Doep se item.

**INISIATIEF**

**Daar moet in gedagte gehou word dat die item, alhoewel dit miskien nie 'n verband getoon het met die res van die konsert nie, immers 'n eie keuse was, wat aan ons eie inisiatief oorgelaat was, en dat die kriteria van beoordeling dus dienooreenkomstiglik gestel moes word. Die betrokke item wat bestempel is as „swak, aan bedroewend-grensende smaak," is deur die beoordelaars as die tweede beste item van die aand beskou. Is dit nie 'n teken dat die norme van u kunsredakteur, om die minste te sê, onrealisties is nie?**

Om onder sulke omstandighede ons koshuis so onredelik aan te val, is sekerlik benede die peil van gesonde kunskritiek, en ons sal dit op prys stel as u kunsredakteur die saak in Die Wapad in die reine sal bring. Indien hy dan wel sy persoonlik kritiek wil uitspreek, kan hy dit veel eerder onder die hoof Kunsgeselsie doen.

Verder sal ons dit waardeer indien u sal toesien dat daar in die toekoms meer objektiewe beriggewing geplaas sal word, en dat die misplaaste opinie van 'n enkeling nie sodanige prominensie geniet as wat hier die geval was nie.

DIE DAWIE DOEP-NOORDERS

**(Op die kunsbladsy word resensies in die vorm van berigte aangebied. Die kunsredakteur beskou die resensie nie as ongeregverdig nie. Hy is van mening dat swak smaak en gesindheid juis getipeer is deur die gehalte van die grappe wat vertel is. Daarom kan hy u argument nie volg nie. — Red.)**

# NIKS WAS FOUT MET DAMGESELLIGHEID

**Geagte Redakteur: Na aanleiding van Kekkelkaatjie se Skinderhoekie in Die Wapad van Woensdag 22 April 1967 is ek van mening dat daar 'n skryende tekort aan kennis by hom/haar bestaan ten opsigte van gebeure aan die Puk.**

Elkeen, dink ek, kan sy/haar verjaardagparty aanbied soos hy wil .. en .. die dam is tog immers 'n publieke ontspanningsoord en wat daar gedoen word het m.i. niks met die C.H.O. van die P.U. te doen nie.

**KOMBERSE**

Ook van die komberse waarvan gepraat word sien ek die grond glad nie in nie. Die aand was weer een van daardie aande toe dit gereën het en wat sou ons met komberse in die reën.maak? Hoekom word daar 'n bohaai gemaak van wat buite die grense van die P.U. gebeur en maak aand voor die koshuise afspeel na sleeptyd nie!

Skynbaar is die inligting verkry van 'n persoon wat in die dwaal wandel en nie tot die kern van die saak deurgedring het nie.

Alle persone wat die geselligheid bygewoon het, het dit vrywillig gedoen en kan getuig dat daar niks gedoen is wat stry met ons Christelike beginsels nie. Hiermee wil ons vriendelik dog dringend u versoek, wie u ookal is, om in die toekoms ware „gerugte" te versprei.

# Kultuurleierskursus kan lei tot groter projekte

**„DIE kultuurleierskursus wat tydens die langnaweek op die P.U. aangebied is, was die voorloper van 'n soortgelyke kursus wat volgende jaar op 'n meer uitgebreide vlak sal plaasvind. Vir die doel was dit 'n groot sukses."So het mnre. Zachie Coetzee en Fanus van der Westhuizen, organiseerders van die kursus, na afloop daarvan aan ons verslaggewer gesê.**

**Die referate, wat toegespits was op spesifieke kultuuraspekte is gelewer deur: Proff. B. Duvenage, Abel Coetzee, H. Coetzee, mnre. D. A. S. Herbst, H. J. v. S. Shoeman, N. van der Merwe, Z. Coetzee, P. G. Snyman, P. H. Roodt en mej. E. Botha.**

Beide proff. Duvenage en Abel Coetzee het gewaarsku teen die gevaar van sekularisme in die Afrikanergeledere. Die verhouding tussen kerk en kultuur sowel as die rol wat die kerk bv. teenoor die moderne letterkunde moet inneem, is breedvoerig deur prof. Duvenage uiteengesit. Hy het aangetoon hoe 'n kultuur wat verkerklik word 'n tipiese volkskerk veroorsaak. Dan gaan die kerk nie net in die volk in nie, maar ook op die volk.

Kerk en kultuur moet bestaan in besef van die verbondenheid aan God. Daar is geen absolute skeiding tussen kerk en kultuur nie, maar die verskeie terreine moet wel eerbiedig word.

**BEGINSELS**

Prof. Abel Coetzee van Wits het gesê die Afrikanervolk se voortbestaan sal daarvan afhang of godsdiens weer in ere herstel sal word. Hy het gesê dat groter kennis van meer vreemde tale noodsaaklik is, anders word alles van buite naderhand deur 'n Engelse bril besien. Die handhawing van ons beginsels is van kardinale belang. Verder het hy gesê: „U, as denkende mense, kan maar net saam met my die hoof skud as ons sien hoe dat daar beginsels ingeboet word om aan internasionale sport deel te neem."

**LEIERSKAP**

Prof. H. Coetzee se referaat het gehandel oor leierskap. Hy het die leier besien uit die oogpunt van profeet, koning en priester. „Die leier se profetiese aspek maak dikwels van hom 'n eensame wese. As gevolg van sy visie, sy vergesigte kom hy dikwels in botsing met sy mense wat aan die tradisionele vashou. Sy koningsaspek vereis van die leier om gesag te handhaaf sonder kompromisme. Sy priestersaspek moet die leier bewoë laat wees met sy mense in hulle swakhede."

**A.S.B.**

Mnr. D.A.S. Herbst van die Transvaler het gewaarsku teen die neiging om agter elke bos of klip 'n liberalis en kommunis te gaan uitskop.

„Laat ons eerder besin oor nasionaal-protestantisme. Ons moet ook minder praat en meer werk. Werk vir kennis en kry dit om te lewe. Kennis eis besinning. Besinning eis begronding. Waak daarteen om 'n nuwe organisasie te wil stig vir elke vermeende of egte kwaal; benut die ou organisasies. Bou die A.S.B. uit. Gebruik dit as die kleinnood wat dit vir die Afrikaanse student moet wees."



**Dr. P. Meyer, voorsitter van die beheerraad van die SAUK, wat die P.U. se tak van die A.S.B. toegespreek het.**

**(Foto: De Zee)**

# A.S.B. VIER VYFTIGJARIGE BESTAAN

**Die plaaslike tak van die Afrikaanse Studentebond het op Woensdag 26 April sy vyftigjarige bestaan gevier. By die geleentheid het dr. Piet Meyer, voorsitter van die beheerraad van die S.A.U.K., die tak toegespreek.**

Dr. Meyer, wat in 1933 'n leidende rol gespeel het toe die A.S.B. van Nusas weggebreek het, het in sy toespraak o.a. gesê dat dit futiel is om aan die student voor te skryf hoe hy moet dink. Dit misken dit wat eie is aan die student het hy gesê.

**ISOLASIE**

In antwoord op 'n vraag het dr. Meyer gesê dat die begrip isolasie 'n betreklike een is. Mense leef oral daarin. Die wêreld sal een van wanbegrip bly en hy sal in die koue oorlog bly, het dr. Meyer gesê.

Die herdenkingsvergadering is o.a. bygewoon deur proff. L. J. du Plessis en F. J. Labuschagne, wat in 1917 stigterslede van die tak was.

# Ikeys verklaar U.D.I.

Die Studenteraad van die Kaapstadse Universiteit het sy eie eensydige verklaring van onafhanklikheid uitgereik.

Hierdie stap volg op 'n tydperk van beroering op die kampus oor die nuwe grondwet van die S.R. wat integrasie op die kampus verbied.

SANSPA

# Regsvereniging huldig prof. Du Plessis

Om belangstelling in die Publiekreg aan te moedig word 'n aantal gassprekers genooi om voor die Regsvereniging van hierdie Universiteit oor gekeurde onderwerpe te praat. As blyk van erkenning vir die werk van prof. L. J. du Plessis is besluit dat hierdie lesings bekend sal staan as die L. J. du Plessis-Voordragreeks en sal later onder hierdie titel gepubliseer word.

Prof. Du Plessis was tussen die jare 1933 en 1961 verbonde aan die P.U. vir C.H.O. As veelsydige en vermaarde akademikus was hy in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte in besonder betrokke by die dosering van Regsvakke en Staatsleer, hoewel dit bekend is dat prof. Du Plessis in die vroeër jare haas enige vak aan die universiteit kon doseer.

Op Dinsdag 16 Mei om 7.30 nm. tree prof dr. M. Wiechers van die Universiteit van Suid-Afrika as eerste gasspreker in die voordragreeks op in Lesingsaal nr. 100 van die Frans du Toit-gebou op met 'n lesing oor: Die administratiefregtelike verhouding.

Prof. Du Plessis sal ook teenwoordig wees. Studente, personeellede en ander gaste word vriendelik daarheen uitgenooi. Tee sal na die lesing aangebied word.

# Van die Studenteraadstafel

**ASPU-KONFERENSIE**

Op 'n jongsgehoue Studenteraadsvergadering is die verslag van die onlangs gehoue Aspukonferensie deur die Wapad-afvaardiging voorgehou vir goedkeuring. Daar is ook met dank en waardering kennis geneem van die feit dat Die Wapad goed gevaar het in die landswye kompetisie tussen studentekoerante. Die verslag van die Wapadafvaardiging is algemeen aanvaar.

**PUKKIES**

'n Brief is van 'n vooraanstaande inwoner van Vereeniging ontvang waarin gekla is dat P.U. studente, waarskynlik eerstejaars probeer het om Pukkies in Indiërwinkels te verkoop. Die Studenteraad het met spyt kennis geneem van die voorval en dit is besluit om op 'n volgende massavergadering die saak ter kennisname voor te lê.

**NUSAS**

'n Uitnodiging is van die Nusas-hoofbestuur ontvang om 'n aantal waarnemers te stuur na die jaarlikse kongres wat van 3 tot 10 Julie geou word. As gevolg van die P.U. se beleid het die Studenteraad besluit om nie hierdie uitnodiging te aanvaar nie.

**ALABAMA-TOERGESELSKAP**

Die Studenteraad het die Alabama Studentegeselskap se toergroep wat gedurende die wintervakansie na die Suidkus gaan, goedgekeur. Onder die groep is een skolier. Aangesien dit egter reeds in die verlede gebeur het dat 'n skolier die Alabama-toer meemaak en aangesien die betrokke skolier feitlik onmisbaar is met die oog op die sukses van die toer, het die Studenteraad besluit om hom toe te laat om die toer mee te maak. Die saak sal ook so aan die Raad van die Universiteit gestel word.

**ALKOHOLISME**

'n Aansoek dat die P.U.-massa deur 'n gesaghebbende op die gebied van Alkoholisme toegespreek word oor die betrokke onderwerp, is na die Sielkundevereniging verwys. Die Studenteraad het besluit dat hy die saak ten volle steun, maar dat dit nie spesifiek op sy terrein val nie en dat die saak moontlik met vrug deur die Sielkundevereniging georganiseer kan

# Nico van der Merwe bedank as A.B.K.K.-voorsitter

**MNR. Nico van der Merwe wat meer as twee jaar voorsitter was van die A.B.K.K. het besluit om te bedank. In September 1964 het mnr. Van der Merwe voorsitter geword van die A.B.K.K. en is dieselfde jaar ook op die Studenteraad verkies. In 1965 is hy in dieselfde hoedanighede herkies, maar in Mei 1966 bedank hy as lid van die Studenteraad om sy volle gewig by die werksaamhede van die A.B.K.K. in te gooi.**

**Onder die entoesiastiese leiding van mnr. Van der Merwe het die A.B.K.K. gegroei van 'n betreklike onbelangrike faktor in die studentelewe tot een van die mees aktiewe en bedrywige liggame op die P.U., 'n liggaam wat met min geld maar hope geesdrif baie tot stand bring.**

Daar het eintlik 'n totale ommekeer in die hele werksaamhede van die A.B.K.K. gekom in die dienstermyn van mnr. Van der Merwe. Vir meeste van die veranderinge was hy direk of indirek verantwoordelik. o.a. die stigting van twee onderliggame die Volkssanggroep en die Universiteitskoor. Daar is 'n begin gemaak in die samesnoering van al die onderliggame van die A.B.K.K. Verder is begin met daadwerklike pogings om iets positiefs tot stand te bring waarvan die inter-koshuiskonserte getuig. Van 'n bloot samebindende funksie het die klem dus verskuif tot 'n aktiewe werksaamheid binne die geledere van die A.B.K.K.

**VERSTOMMEND**

Desentralisasie speel vandag 'n belangrike rol, sodoende word die massa betrek en die resultate is verstommend. Die pasafgelope Kultuurleierskursus getuig daarvan.

**IDEALE**

**In 'n onderhoud met mnr. Van der Merwe het hy gesê dat hy aan die einde gekom het van 'n tydperk van diens aan die P.U. „Ek het baie ideale verwesenlik sien word. Die grootste daarvan is seker die stigting van die Skakelkomitee wat hom ten doel stel om die Kunskulturele belange aan die P.U. te bevorder. Nuwe bloed kan voortbou op wat stand gebring is en van die A.B.K.K. die vereniging maak," het mnr. Van der Merwe gesê.**

**JAMMER**

„Dit is jammer dat die owerhede so min vir die kunskulturele bedrywighede aan die P.U. doen. Vir sport word baie geld bewillig, maar ons word oor die hoof gesien. Ek glo nie dis 'n gesonde balans nie. In die Skakelkomitee het ek sterk daarop gestaan; 'n mens hoop maar net dat as die Skakelkomitee moontlik uitloop op 'n kuns-kulturele stigting, dit beter sal gaan," het mnr. Van der Merwe in antwoord op 'n vraag gesê.

**Mnr. Nico van der Merwe is verlede jaar vir sy reuse aandeel in die uitbouing van die A.B.K.K. op gepaste wyse vereer toe hy die A.B.K.K. se erepenning ontvang het.**

## *Skaakkampioene*

Die P.U.-Skaakklub het sopas 'n suksesvolle kampioenskap afgehandel. Die skaakkampioen is Hans Vahrmeyer met Nic Vreken tweede op die lys. Blackie van Wyk, wat nog skaars 'n jaar lank skaak speel, het goed presteer deur die vyfde plek te behaal.

## Skaakspan klop Goudstad

Die skaakspan van die P.U. het op Vrydag 28 April die span van die Goudstadse Onderwyskollege met 32-2 geklop. Ten spyte daarvan dat die P.U.-span deur 'n verkeersophoping op weg na Johannesburg meer as twee uur vertraag is, was dit 'n suksesvolle aand, volgens die voorsitter van die klub, mnr. Mac van der Merwe.

## KUNSGESELSIE

In die huidige literêre situasie het ons weer te doen, soos te dikwels in ons literêre geskiedenis, met die boekverbrander, die hartstogtelike Brandaan, die groot moraliserende predikers — wat uit hoofde van hul lang en „diep" letterkundige ondervinding ons volk wil waarsku teen sogenaamde onrusbarende tendensies in die nuwere poësie en prosa.

'n Klasieke voorbeeld van die akute siekte. van beperkte denke vind ons in die persoon van dr. P. C. Schoonees. Sy „wetenskaplike" literêre metode lyk vir my baanbrekerswerk te wees in die hand van mense wat gebuk gaan onder die onmag om te verstaan. Sake word nou buite verband aangehaal en siedaar: verskriklik! Verdoemende getuienis. Ons volk gaan ten gronde!

Dr. Schoonees los die probleme op. Die gewone man op straat vel 'n oordeel. Dit trek soos 'n kreet deur die land. Ons moet 'n verenigde front vorm en diè mense onder ons uitroei. Dit kla ten hemele: „skande, skande, roei uit, weg met die sedebederwers!!" Ek wonder of party mense wat aansien het en geglo word nugter en eerlik — wetenskaplik — die volle konsekwensies van hulle uitsprake deurdink?

**Maar dit maak die bestaande posisie en verhouding nog meer duister en verward. Alles word gekenmerk deur verdagmakery en agterdog. Wat vir my die meeste afkeurenswaardig is, is die tegniek wat deur wetenskaplike mense gebruik word. Is ons maar 'n dom en geestelike onvolwasse ou volkie wat rondhardloop met modderballetjies en gooi waar ons kan? Elke wapen wat die Weisse en hulle „broeders" gebruik is vir my van die laagste wat bestaan! Verdagmakery en wanindrukke is so maklik om te gebruik. Dis amper so iets soos die stories van 'n kind in die laerskool!**

Gelukkig is dit ook so dat waar stryd is, is daar lewe. Maar dan moet die „spel" volgens die „reëls" van die spel gespeel word. In hierdie geharwar word mense gedwing om 'n standpunt in te neem wat met die hoek-injaerytegniek, miskien, veel anders sou gewees het. Geen werklike suiwerheid kan op hierdie wyse bereik word nie.

Daarom, seker, dat groot en intelektueel volwasse mense soos prof. dr. N. P. van Wyk Louw na aanhoudende misverstand hom terugtrek en rustig voortgaan met die maak van poësie wat, soos ook die res van sy oeuvre getuig van die grootste is wat 'n taal kan besit. Gelukkig ook dat prof. dr. P. D. van der Walt vanuit 'n Christelike visie voortgaan om hoflik, met 'n glimlag, suiwer en verantwoordelik in koerante en tydskrifte 'n Christelike literatuurbeskouing daar te stel wat by my wete, uniek is in die Dietse letterkunde.

Die geestelike gesprek, prinsipieel verantwoord, is vir 'n volk so noodsaaklik en onontbeerlik as eet en slaap. Maar dis 'n verantwoordelike en kosbare taak. Vir sekere mense is daar nie plek nie — dis hulle wat eensydig en dwalende 'n volk se geestelike peil verongeluk — dit laat verkrummel tot iets belagliks.

**KONTEKS**

**„Ware" en „finale" uitsprake het ek nog altyd verpes. Daar is net een Boek wat op waaragtigheid kan aanspraak maak, wat universeel vir alle eue geld, wat tydloos is. Maar literêre konvensies kom en gaan en kunsbeskouinge — dis relatief en voorlopig. In die konteks van gebeurtenisse is dit iets om te onthou, want deesdae word die man en nie die bal gespeel nie!**

P.H.R.



**Nico van der Merwe wat bedank het as voorsitter van A.B.K.K. poseer hier (in die middel) tydens die pas afgelope kultuurleierskursus saam met: (v.l.n.r.) Fanus v.d. Westhuizen, Z. Coetzee, Jan-At Kruger en prof. Abel Coetzee van Wits.**

**(Foto: Fotokuns)**

# LITERATUUR BESPREEK

**Prof. P. D. van der Walt, hoogleraar in die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde het Dinsdagaand 25 April voor die Vereniging vir Taal en Lettere opgetree met 'n voorlesing: „Moontlike Eksistensialistiese trekke in die moderne Afrikaanse kunsprosa."**

Prof. Van der Walt het o.a. gewys op moderne manifestasies in die prosa; hoe dit vandag moeilik is vir die gewone leser om toegang tot 'n boek te kry vanweë die geweldige ommekering in die hele romanstruktuur en die swaar en dikwels moeilike denklaag.

In 'n interessante en warme bespreking het dit duidelik geblyk dat van die ouere geslag 'n gevaar sien in die moderne prosa van die sestigerjare; dat literêre konvensies soos dit vroeër gehandhaaf is, nie noodwendig behoue hoef te bly nie; dat die moderne prosa geweldige eise aan die leser stel — wat altyd student sal moet bly.


Met komplimente van
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE — SKRYFBEHOEFTES

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
Boeke vir Studie en vir Ontspanning
PRO REGE-PERS BPK.
„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"
Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944
H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM

AANKONDIGING
PAN COETZEE
UNIEWINKELS
GRAAG KONDIG ONS AAN DAT DIE WELBEKENDE FIRMA, PAN COETZEE, NOU ONDER BESTUUR IS VAN UNIEWINKELS, DIE MODERNE WINKEL, MET MODERNE DINGE VIR MODERNE MENSE.

INSLEEP!
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

DIE BULT
DAMES HAARKAPPERSALON
ons spesialiseer...
Tomstraat 86A
Telefoon 5537

# Puk by Oxford en Cambridge

**Koshuisdeure wat om 11 nm. sluit, voorgeskrewe kleredrag tydens eksamen en studentebewakers of „proctors" wat die strate patrolleer op soek na studente wat 'n misstap begaan — dit is nie die beeld van 'n eng geslote Afrikaanse universiteit nie, maar die van Brittanje se twee bekendste universiteite — Oxford en Cambridge.**

**Soos op die ander lewensterreine van die Britte is daar ook 'n groot aantal teenstrydighede in die universiteitslewe wat vir die besoeker vreemd voorkom.**

Oxford is oud — so oud as wat 'n instelling van 'n 1,000 jaar kan wees. Dit is egter nie net die geboue nie — die leefwyse, tradisies en gebruike is net so oud en maak van die inrigting 'n eiesoortige uitsonderlike plek.

**BIKINI**

**Daarom is dit moeilik om te sê of die enkele langhaar-bikini-rok-agnostiese gees tiperend van die universiteit is, en of dit net die tekens, soos op ander plekke in die wêreld, is dat ook die moderne leefwyse èn afbrekende losbandigheid aan die gryse mure van Oxford begin knaag.**

Oxford is nie een universiteit nie, maar 30 klein universiteitjies (kolleges) elk met sy eie biblioteek, rektor, lesings ens. In een van die grou geboue is 'n sentrale liggaam wat die eindeksamens aanbied, grade toeken en administratiewe werk in die breë doen.

**STRENG**

**Elke kollege is min of meer bekend vir sy besondere eienskappe — bv. Baliol as die tuiste van Brittanje se intelligensia en St. Andrews vir sport. Toelating is baie streng en die vermoede is dat prins Charles nie vir Trinity sou slaag nie.**

Trinity is een van die kolleges met 'n godsdienstige naam (die ander Jesus en Christ) wat uit die middeleeue dateer. Die kollege is alles in 'n vierkant gebou met die (leë) katedraal as sentrum. Die woonafdeling is om verskillende „staircases" gegroepeer elk met sy eie „scout" wat na die studente omsien en die kamers skoon maak.

**DRANK**

Die eetsaal is 'n lang tradisiebelaaide saal met lang houttafels en leuninglose banke. Kosbare swaar silwerpotte word gebruik wat deur die eeue heen geskenk is. Blanke bediendes bedien flink en word op hulle vanne nader geroep vir drankbestellings.

Elkeen gryp op sy eie mooi manier genoeg kos sodat die ongelukkige Germistonman miskien niks kry nie — hoewel dit soms moontlik is om weer te bestel.

**DAMES**

Dames moet teen 11nm. uit die kollege wees. 'n Pond of twee sal 'n „scout" miskien oortuig of sy werk kan kos. Sommige sien dit in 'n ander lig en by geleentheid het een ewe droog gesê: „Two coffees, I presume sir?"

**Koshuisvergaderings en verkiesings is weens eeu-oue tradisies lang uitgerekte affêres. 'n Groot aantal „offices" moet gevul word, w.o. die van die „tortoise keeper" omdat daar in die 13de eeu een was en die pos nooit geskrap is nie. (In 'n ander kollege mag nie honde aangehou word nie, daarom is die „warden" se groot St. Bernardhond amptelik 'n kat!)**

Togas moet na alle lesings gedra word en wissel in lengte en luuksheid namate die student se status en stand.

Eksamens word in volle akademiese mondering afgelê, met wit stywe boordjie en strikdas wat geknoop word. „It's just not done" om in Oxford 'n aanknipstrikdas te dra.

**BIER**

As probleme tydens die eksamen ondervind word, kan koue bier en kaas op n silwerskinkbord gevra word — op voorwaarde dat die student hom verbind om 'n aantal jare aan die boogskietklub te behoort en gereeld te oefen.

Verlede jaar het 'n student na 'n uitstekende akademiese loopbaan die hele eksamen deurgesit sonder om 'n woord te skryf.

Die tradisie word sedert die middeleeue uitgevoer omdat die stamvader tydens 'n eksamen verontreg is!


**SWART DAS**

Dames skryf eksamen in 'n witbloesie, met swart das, swart rok, swart kouse en swart skoene. Geen bevestiging kon gekry word dat dit die rede is vir skaars 20 persent damesstudente aan Oxford nie.

Alle Oxford- en Cambridgestudente kan vier jaar na hulle BA-graad na die universiteit terugkom, deur hulle „scout" uitgeken word, ses pond betaal, 'n toga by hom kry en 'n M.A.-graad in die konvokasiesaal gaan haal.

A. S. DE BEER

# Verlief Verloof Verlore?



## deur CUPIDO

Dagsê al my slepers. Ag nee wat hoekom is die manne op die Puk so onaktief? Onthou: „Daar lê 'n lang winter voor wat sommer baie koud gaan wees!" Al oplossing wat ek vir julle het is om so spoedig moontlik te begin sleep. As 'n man se hart eers warm klop sal hyself ook glad nie meer koud kry nie.

Theo Breedt het besluit om vir Annetjie Hendricks aan te keer en die gevolg is dat sy 'n 'n spoggerige diamant ryker geword het .Hartlik geluk julle twee.

**OULIK**

Helena Bekker het glo 'n ander blaadjie omgeslaan en daarom trap Coetie Coetzee, Klawerhof se drumpel stukkend. Hannie van der Walt se oë flikker deesdae aanhoudend. Die rede hiervoor is voor die hand liggend. Johan Sander het dan al klaar 'n TX-registrasie-nommer.

Jammer dat Poen Coetzee eers nadat Carene Snyman van die Puk af weg is moes agterkom hoe oulik sy is. Gelukkig is Gimmies darem nie ver nie. Fanie Coetzee het weer besluit dat 'n Volkekunde-toer so reg na 'n man se hart is. Vra maar vir Kitty van Heerden of sy met hom saamstem?

Het iemand dalk gesê dat hulle nie van volkspele hou nie? Is dit dan nie daar waar Johan Schutte en Breggie Engelbrecht sulke groot „maats" geraak het nie. Ansie Beukes het weer besluit dat sy baie van 'n intertee hou. Vandaar natuurlik die Van Wyk de Vries, né Ansie!

Jan Blom van Pote het besluit dat Puk heelwat talent het. Ek neem hom nie kwalik nie. Marita Vermaak is dan so 'n gawe nooientjie.

**ENERS**

Emmie Corbett is deesdae nêrens te sien nie. Is Ockie van der Schyff dalk die oorsaak hiervoor? Derius Erasmus se keuse het glo op Minnie Steyn geval maar ek wonder of hy aldag self die verskil tussen Minnie en Irene kan sien. As mens so eners lyk kan dit 'n man dalk maklik in die verwarring bring. Christo Schulenburg spaar deesdae knaend geld vir petrol om vir Yda Ferreira te kan gaan kuier.

**WINTER**

Dit lyk vir my of die volgende klompie darem nie hierdie winter sal koud kry nie.

Johan Markgraaf en Annalies Euser, Tinie du Plessis en Heilie van Rooy, Ben van Jaarsveld en Renette Grobler, Louis Snyman en Eugene Nel en Gerrie Snyman en Sandra Coetzer. Nou ja manne ek hoop julle sal in die volgende week meer aktief raak en my laat weet van enige verdere verwikkelinge. Lekker sleep tot volgende keer.

CUPIDO


# Paradise Restaurant


*Dié kafee op Die Bult . . .*

*bied 'n warm skuilplekkie in die koudste winterwind*




**KOM SPEEL 'N POTJIE SNOEKER**

**Tomstraat 86** **Telefoon 5474**



# OOM PIET GESELS

Vandag wil ek so 'n bietjie oor die Ikeys gesels.

Eerstens was dit vir die Pukke 'n wonderlike voorreg om verlede week, Dinsdag, om 8.30 met Viscount vlug nr. 381 van die Suid-Afrikaanse lugdiens, vanaf Jan Smuts na Kaapstad te vlieg. 'n Aangename verrassing het die span te beurt geval toe ons baie vriendelik in ons eie taal deur 'n klompie gasvry rugbymanne ontmoet is, nl. Mike Botha, die sekretaris; Olaf Hennig, slotvoorspeler en vroeër van Tukkies asook Guss Enderstein, die kaptein afkomstig van Saldanhabaai (ek wonder of hy kan Engels praat). Met hierdie gulle ontvangs wat die span te beurt geval het, het almal dadelik tuis gevoel.

**SWIERIG**

'n Verdere aangename ondervinding was dat ons in dieselfde swierige Hotel Cecil gebly het waar die Australiese krieketspan gehuisves was. Luukse kamers met dik matte, eie badkamers en stortbaddens, privaat telefone en radio's was o.a. die geriewe waarin ons ons tuis gemaak het.

Wat die wedstryd betref: Die Pukke het hulle knap gedra en met eer uit die stryd getree. Jammer dat die Kaapse toestande soos die suidooste wind en 'n gladde veld die manne gekniehalter het.

Ek wil nie oor H. O. praat nie. Hy is 'n pragtige, mooi geboude, swartkopkêrel wat enigiemand se hart steel. Hy trek Saterdagmiddae duisende mense na Nuweland en dit sluit glo baie ou dames in. Almal wil net vir H. O. sien. 'n Nederige beskeie jong man hierdie!

**KORT**

Ek wil so 'n ietsie sê oor die Ikeys. Hulle is nie swaar of lank nie. Hulle lyk soos die Franse rugbyspan — kort en stewig. Kom ons neem 'n blaadjie uit hulle oefenmetodes? **Hierdie span oefen elke dag** (Sondae ingesluit en L.W. dit keur ek af). As 'n speler een oefening mis dan verloor hy sy plek in die eerste span. Die oefendae word afgewissel met oefeninge in die gimnastieksaal, berg-uit hardloop, korfbal, losen vaste oefeninge. Alles word gedoen ter bevordering van krag, stamina, spoed en vaardigheid.

**OPGEDREUN**

Die Pukke se voorspelers het hulle in die skrums en lynstane goed opgedreun, maar kom ons neem 'n les uit hulle hantering van die bal, losspel en hoe hulle mekaar ondersteun.



**H. O. DE VILLIERS**

Ek onthou nog hoe Koos du Plooy vir H.O. agter die pale plattrek en hy deur 'n medespeler ondersteun word wat die bal op sy beurt veilig uitklits.

**DANK**

**Ons dank aan die Transvaalse Rugby-unie wat hierdie interuniversitêre rugbyliga borg en vir die aangename twee dae wat ons deur hulle toedoen in Kaapstad kon deurbring.**

# IKEYS KLOP PUK NA TAAI WEDSTRYD

## Ikeys dring deur na volgende ronde

**DIE sterk span van die Pukke moes laas Woensdag die knie voor die Ikeys op Nuweland buig. Die Ikeys het die onaantreklike wedstryd met 11 — 3 gewen.**

**Die wedstryd het nie die verwagte studente-rugby gelewer nie. Beide spanne was verantwoordelik vir menigte foute van allerlei aard. Die grootste gedeelte was saai, dooierig en vervelend.**

**Koos du Plooy het in die agtiende minuut met 'n pragtige strafskop van vyf-en-vyftig treë geslaag en die Pukke laat voor loop. Die spanne het mekaar daarna goed vasgepen en eers in die dertigste minuut het Henry de Villiers, heelagter van die Ikeys, vir 'n stukkie opwinding gesorg toe hy van twintig treë van sy eie doellyn 'n beweging begin het.**

Hy het gevorder tot op die Pukke se kwartlyn waar 'n losskrum gevorm is. Die Ikeys se agterlyn was baie mooi in posisie en hulle het die beweging met 'n drie deur vleuel Lund, afgerond. De Villiers het vervyf. Die telling: 5 — 3.

De Villiers het daarna 'n skepskop probeer maar dit was net verby die regopaal. Daarna het hy nog 'n strafskop van sowat dertig treë verbrou.

Die Ikeys het op hierdie stadium met vuur gespeel, maar kon nie deur die hegte verdediging van die Pukke dring nie. Net voor rustyd het De Villiers nog 'n skopkans gekry en hierdie keer geen fout gemaak nie: 8 — 3.

**TELEURSTELLEND**

In die tweede helfte het die spel nie die verwagte oplewing getoon nie en albei spanne het teleurstellend vertoon.

Daar was egter een opflikkering. Met 'n paar verdedigers voor hom het De Villiers op een of ander onverklaarbare manier deur hulle gehardloop en langs die pale vir 'n drie oorgegaan wat hy nie kon vervyf nie.

**ONAFGEROND**

**'n Mens kry die indruk dat beide spanne onafgerond was. Die Ikeys se losskakel Dovey, het te skuins gehardloop en sy skoppe was nie sekuur en goed geplaas nie.**

Potchefstroom se probleem was dat Dennis de Klerk en Frans Theron te veel geskop het. As hulle die bal meer laat loop het, kon die Puk se vinnige agterlyn miskien punte aangeteken het.

**SKOPPE**

Op heelagter was die stryd taamlik gelykop. Die Pukke het genoeg van die bal gesien, maar kon blykbaar nie veel uitrig daarmee nie.

**Om saam te vat kan 'n mens sê dat die Ikeys miskien beter gebruik gemaak het van hulle kanse. Die wedstryd kon net so-wel in die guns van die Pukke geëindig het.**

# NETBALSPELERS BEGIN GEESDRIFTIG

**Die P.U.-netbalklub wat eers vanjaar offisieel gestig is, is stadigaan besig om sy bestaan te regverdig. In wedstryde wat 'n rukkie gelede op Strathvaal beslis is, moes die eerste span in 'n spannende stryd met 27-28 net-net die spit afbyt, terwyl die tweede span met 'n oorwinning kon spog en die derde span gelykop uit die stryd getree het.**

Die saak i.v.m. die stigting van die klub is reeds verlede jaar geopper maar die geesdriftiges kon dit eers vanjaar onder die bekwame leiding van Rosalie de Klerk deurvoer.

Die klub spog reeds met hul eerste netbalspan, 'n afrigter en 25 spelers. Die geesdrif vlam glo hoog op en hulle koester groot planne vir die toekoms.

# POTE GEKLOP

Die eerste damehokkiespan het onlangs daarin geslaag om die eerste span van Pote op hul eie veld die loef af te steek. Dit was 'n spannende wedstryd waarin albei spanne goed vertoon het. Die punte is eers na rustyd aangeteken. Die eindtelling was 2-1.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**



**So lyk die P.U.K. se eerste rugbyspan wat verlede week per vliegtuig na Kaapstad vertrek het saam met mnr. Piet Malan om teen die Ikeys te speel in die eerste rondte van die inter-universitêre rugby-liga. (Foto: De Zee)**

# TAFELTENNISMANNE KLOP KLERKSDORP

**Dit blyk dat die tafeltennisklub aan die P.U. steeds van krag tot krag gaan. Die eerste groot triomf was die opekampioenskappe wat op 18 de Maart plaasgevind het en waarvoor hul ongeveer 40 inskrywings ontvang het.**

Werner Schultz, Wes-Transvaal se nommer een speler, het die kampioenskappe gebuit, wat die aansien van die P.U.-klub in Wes-Transvaalse kringe baie hoog laat styg het.

**LELIK**

In die liga wat pas begin het, het die Pukke Telkom van Klerksdorp lelik op hul neus laat kyk, die eerstespan met 'n telling van 9-1 en die tweedespan met 7-3. Uitblinkers in die eerstespan was Pieter van der Walt, en Ben Schutte asook Leon Theron in die tweede span.

**Van 17 tot 22 Julie sal die inter - universitêre tafeltennisliga hier plaasvind en die Pukke is reeds hard besig om hul**

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra

te kry by u kafeteria

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.